# NOTULE / BESLUITELYS

## ALGEMENE RAADSVERGADERING

**DATUM:** 23 OKTOBER 2018
**TYD:** 09:00
**PLEK:** NWK-OPLEIDINGSLOKAAL, LICHTENBURG

AGRI NW

**VOORSITTER:** MNR WILLEM DE CHAVONNES VRUGT

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| **1.** | **OPENING** | | |
| | Ds Tewie Pieters open met Skriflesing en gebed. | | |
| **2.** | **VERWELKOMING** | | |
| | Die Voorsitter, mnr Willem de Chavonnes Vrugt, heet almal hartlik welkom, maar in die besonder vir mnre Dan Kriek en Christo van der Rheede wat later by die vergadering sal aansluit.<br>Die persone wat vir die eerste keer die vergadering bygewoon het word hartlik welkom geheet, naamlik:<br>Mnre Ewan J van Vuuren — Brits Jongboervereniging<br>Willie Oosthuizen — Agri Rysmierbult<br>David Kleyn — Agri Rysmierbult<br>Chris Swan — Agri Christiana<br>Andre Berg — Beefmaster<br>Marius Maritz — Agri Christiana | | |
| **3.** | **ORDEREËLINGS** | | |
| | Mnr Du Toit hou die Ordereëlings aan die vergadering voor. | | |
| **4.**<br>**4.1** | **PERSONALIA EN MOSIES**<br>**LEEDMOSIES** | | |
| | ▪ Mnr Lourens Scheepers van Agri Potchefstroom is oorlede. | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| | ▪ Mnr Johan Venter van die Finansiële Komitee word sterkte toegewens met nog ŉ operasie wat hy moet ondergaan.<br>▪ Mnr Paul du Plessis word sterkte toegewens met sy kankerbehandeling. Voorbidding word vir hom gevra. | | |
| **4.2** | **VREUGDEMOSIE** | | |
| | ▪ Mnr JP van den Berg, Agri NW se Jongboer van die Jaar, word geluk gewens met sy prestasie om as Nasionale Jongboer van die Jaar verkies te word. Agri NW is baie trots op hom met hierdie besondere prestasie. | | |
| **4.3** | **VERJAARSDAGWENSE** | | |
| | Gelukwense aan:<br>▪ Mnr Andre Strydom, 23 Desember. | | |
| **5.** | **PRESENSIE EN VERSKONINGS** | | |
| | <u>Teenwoordig</u>:<br>Presensielys aangeheg.<br><u>Verskonings:</u><br>Mnre Jaco Maré — Agri Hartbeesfontein<br>Chris Faure — Agri Christiana<br>Hein Bouwer — Agri Vryburg<br>Paul Du Plessis — Agri Ottosdal<br>Theo Rabe — NWK Beperk<br>Dr Herman van Schalkwyk — Suidwes Landbou | | |
| **6.** | **FINALISERING VAN DIE SAKELYS: AANVULLENDE SAKE: PUNT 15** | | |
| | 15.1 Statistiek SA-Opname<br>15.2 Agri Vryburg Boeredag - 2018-11-22 | | |
| **7.** | **NOTULE / BESLUITELYS EN PRESENSIELYS VAN VORIGE VERGADERING: 2017-10-24** | | |
| | Die Besluitelys / Notule word op voorstel van mnr Nicol Muller en gesekondeer deur mnr Daan van der Merwe goedgekeur, nadat die volgende regstellings aangebring is:<br>Bl 7: Punt 10.4(a) — Oktober 2019 vervang met Oktober 2018.<br>Bl 9: *Twitter*: — Teikendatum is 23 Okt 2018.<br>Bl 12: Punt 11.6 — SAWOA (twee plekke) vervang met SAFWUA.<br>Bl 13: Punt 12.1, 6de *Bulle*t: — "gehou" uithaal agteraan eerste sin. | | |
| **8.**<br>**8.1** | **SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE VORIGE NOTULE / BESLUITELYS**<br>**SAKE VIR ONMIDDELLIKE BESPREKING** | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| | Geen. | | |
| **8.2** | **SAKE VIR BESPREKING IN DIE SAKELYS** | | |
| | **TEKEN VAN LEIERSKAP BELOFTE EN ONDERNEMING EN ONTVANGS VAN SERTIFIKATE EN BEMAGTIGENDE BUNDEL**<br>▪ Die Voorsitters van die onderskeie Affiliasies wat nie by die Leierskapfunksie teenwoordig was nie se Sertifikate en Bemagtigende Bundel word aan hul oorhandig en die Belofte en Ondernemings word deur hul onderteken.<br>▪ Die uitstaande Sertifikate en Bemagtigende Bundels sal tydens die volgende Algemene Raads-vergadering in Maart 2019 aan hul verskaf word. | | |
| **9.** | **FINANSIES EN AFFILIASIEGELD** | | |
| | Mnr Cobus van Zyl lig die Raadslede in oor die Finansies soos op 30 September 2018 (twee maande):<br>*2018/19-Affiliasiegelde:*<br>▪ Die grootste gedeelte van die 2018/19-Affiliasiegeld is reeds geïn. Affiliasies word bedank vir hul samewerking en spoedige oorbetaling van die Affiliasiegelde.<br>▪ Die tekort aan Inkomste op 30 September 2018 is R-1 249 180.92<br>▪ Die uitgawes word tans goed bestuur.<br>▪ Dieselfde Affiliasies se Affiliasiegelde is jaarliks uitstaande. Die Affiliasies moet aangespreek en versoek word om hul Affiliasiegelde, sowel as die agterstallige Affiliasiegelde van die vorige jare, in te samel en oor te betaal. Die Affiliasies is as volg:<br>○ Agri Klippan<br>○ Agri Lichtenburg<br>○ Agri Marico-Bosveld<br>○ Agri Schweizer<br>○ Agri Wolmaransstad<br>▪ Daar is die laaste twee jaar 4% minder aan Affiliasiegeld geïn as waarvoor begroot is.<br>▪ Agri NW se surplusfondse is op hierdie stadium reeds uitgeput.<br>▪ Die Personeelkoste is relatief hoog tot Affiliasiegeld wat die hoofbron van inkomste is.<br>▪ Indien die Mediese Fondsbydrae buitensporig verhoog in Januarie 2019, sal dit meebring dat die salarisverhogings nie in Augustus 2019 toegestaan sal kan word nie. Voorstelle in hierdie verband sal aan die Affiliasies deurgegee word vir hul kommentaar.<br>▪ Die Honorariums gaan ook in heroorweging geneem word. | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| | ▪ Pogings moet aangewend word om die Inkomstes uit Borge te verhoog. Daar word beplan om 'n kommissiebedrag te betaal aan die personeel vir die werwing van nuwe Borge. Voorstelle in hierdie verband sal aan die Affiliasies deurgegee word vir hul kommentaar.<br>▪ Die Algemene Raad gaan die Uitvoerende Komitee se funksie vervul. Voorstelle sal aan Affiliasies deurgegee word vir hul kommentaar.<br>▪ Onderskeid moet getref word tussen Agri NW-lede en rugryers". | | |
| | *Agri SA Grond- & Omgewingsfonds:*<br>Die vergadering neem kennis van die Tabel met die Betalings wat ontvang is vir die Agri SA Grond- & Omgewingsfonds wat ingebind is in die Aanhangsels. | Affiliasies | Deurlopend |
| | **BESLUITE:**<br>*Affiliasiegeld:* | | |
| (a) | 'n Dringende beroep op Affiliasies gedoen word om hul uitstaande 2018/19-Affiliasiegelde, asook vorige Finansiële Jare se uitstaande Affiliasiegelde, te in en so spoedig moontlik oor te betaal. | Affiliasies | Deurlopend |
| (b) | Mnr Sarel Haasbroek se voorstel om lede se ouderdomskategorieë moontlik ondersoek word, sal aan Dagbestuur voorgelê word vir bespreking. | Dagbestuur | |
| | *Ledewerwing:* | | |
| (c) | Affiliasies word versoek om moeite te doen met ledewerwing. | Affiliasies | Deurlopend |
| (d) | Die waarde wat Lidmaatskap dra moet uitgedra word byvoorbeeld Droogtehulp, Plaasveiligheid, Beleidsbeïnvloeding, ensovoorts. | Affiliasies | Deurlopend |
| | *Borge* | | |
| (e) | 'n Groot poging moet aangewend word om Borge te werf vir die onderskeie aksies van Agri NW, sodat dieselfde borge nie deurentyd gebruik word nie. | Agri NW / Affiliasies | Deurlopend |
| (f) | Voorstelle in hierdie verband sal aan die Affiliasies deurgegee word vir hul kommentaar. | Dagbestuur | Febr 2019 |
| | *Agri SA Grond- & Omgewingsfonds:* | | |
| (g) | Affiliasies wie nog nie hul bydraes vir die Agri SA Grond- & Omgewingsfonds oorbetaal het nie, word versoek om so gou moontlik aan Agri Noordwes oor te betaal. | Affiliasies | So spoedig moontlik |
| (h) | Agri NW sal die fondse soos wat dit ontvang word van die Affiliasies oorbetaal aan Agri SA. | Agri SA | Soos fondse ontvang word |
| | *Fondsrekeninge:* | | |
| (i) | Alle Uitgawes wat uit die Fondsrekeninge uitbetaal word moet aan die Algemene Raad deurgegee en goedgekeur word. | Deurlopend | |
| | *Hersiening van Honorariums:* | | |
| (j) | Die algemene gedagte is om die totale bedrag van die Honorarium met tyd te verminder, maar dit aan | C van Zyl | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| | meer hardwerkende Komiteevoorsitters toe te ken. Die Finansiële Komitee is besig om te werk aan voorstelle vir goedkeuring in hierdie verband. | C Van Zyl / Fin Komitee | |
| (k) | Die teikendatum vir implementering daarvan is Augustus 2019. | Fin Komitee | Aug 2019 |
| | *<u>Personeel : Mediese Fondsbydraes:</u>* | | |
| (l) | Voorstelle in hierdie verband sal deur die Dagbestuur bespreek word en tersaaklike inligting aan die Algemene Raad deurgegee word. | Dagbestuur | Apr 2019 |
| **10.** | **HOOFKANTOORBESTUUR** | | |
| **10.1** | **VOORLOPGIE AGRI NW DATUMLYS 2019** | | |
| | ▪ Die voorlopige 2019-Datamlys is ingebind as Aanhangsel vir Kennisname. Affiliasies word versoek om hul vergaderings te beplan rondom hierdie Datumlys.<br>▪ Die Algemene Raadsvergaderings se datums is nog nie gefinaliseer nie. Sodra die Lokale bevestig is sal die 2019-Datumlys weer aan die Affiliasies deurgestuur word. | Affiliasies | Deurlopend |
| | **<u>BESLUITE:</u>** | | |
| (a) | Die 2019-Datumlys sal weer aan die Affiliasies uitgestuur word, sodra die Algemene Raad se vergaderingdatums en lokale bevestig is. | W Potgieter | So gou moontlik |
| (b) | Affiliasies word versoek om die 2019-Datumlys so spoedig moontlik aan hul Affiliasies en lede deur te gee. | Affiliasies / Lede | So gou moontlik |
| **10.2** | **AGRI NW-JAARKONGRES 2018** | | |
| | Die vergadering neem kennis van die Kongresevalueringsvorms en Kongresverslag wat ingebind is in die Aanhangsels. | | |
| | **<u>BESLUIT:</u>** | | |
| (a) | Affiliasies word versoek om die bogenoemde Kongresdokumentasie aan hul Affiliasies en lede deur te gee. | Affiliasies / Lede | So gou moontlik |
| **10.3** | **AGRI NW GHOLFDAG** | | |
| | ▪ Die netto Inkomste soos op 30 September 2018 beloop R79 404.33 en die uitgawes R28 287.24.<br>▪ BTW-Fakture is reeds vir die uitstaande Borg- en Inskrywingsgelde uitgestuur. Die oorbetalings sal opgevolg word.<br>▪ Me M Fritz word bedank vir die werwing van Borge en vir die Inskrywings wat sy hanteer het.<br>▪ Mnr De Chavonnes Vrugt word bedank vir die werwing van die borg en maak van die etes, asook me De Chavonnes Vrugt se reëlings en maak van die bykosse. | | |
| | **<u>BESLUITE:</u>** | | |
| (a) | Die Grootboekrekeningnaam in die Pastel-Program moet verander na Herstelfonds – Geboue. | Hoofkantoor | So gou moontlik |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| (b) | ŉ Hernude besluit word geneem dat alle Landbouverenigings R2500 moet betaal vir die borg van ŉ putjie. Affiliasies kan verskaffers kry om die putjie te borg en te beman of dit self hanteer. | Landbouverengings | Deurlopend |
| (c) | Die Dagbestuur voorstelle oorweeg en beplan in verband met Plaaslike Landbouverengings se bydrae en rapporteer aan die Algemene Raadsvergadering in Maart 2019. | Dagbestuur<br>Plaaslike Landbouverenigings | Mrt 2019 |
| (d) | Indien ŉ Borg ŉ span inskryf kan twee van die vier lede verniet speel. Die borgbedrae is R3 000 per putjie of prestige borg R5 000. | Borge | |
| (e) | ŉ Evalueringslys vir die Gholfdag opstel en uitstuur aan die Affiliasies vir voorstelle / versoeke. | N Pienaar / Affiliasies | So gou moontlik |
| (f) | Die datum vir die 2019-Gholfdag is 2019-09-14 te *Leopard* Park. | Affiliasies / Lede | |
| (g) | Affiliasies versoek word om deel te neem aan die Agri NW-Gholfdag en dat Affiliasies hul produsente-spanne vir 2019-Gholfdag moet inskryf. | Affiliasies / Produsente | Deurlopend |
| (h) | Affiliasies en produsente word versoek om behulpsaam te wees met die verkryging van skenkings van pryse in die vorm van slagskape, jagnaweke, jagpryse soos wildsbokke, elektriese ware, ensovoorts. | Affiliasies / Produsente | Deurlopend |
| **11.**<br>**11.1** | **VERKIESING VAN AMPSDRAERS**<br>**FINANSIËLE- EN OUDIT- & RISIKOKOMITEE: VERKIESING VAN DRIE KUNDIGE PRODU-SENTELEDE MET DIE NODIGE FINANSIËLE BESTUURSKUNDIGHEID UIT DIE GELEDERE VAN AGRI NW** | | |
| | Die volgende drie lede word deur die vergadering herverkies / verkies:<br>Mnre Johan Venter Herverkies<br>Sarel Pretorius Herverkies<br>Louis Wessels Verkies | | |
| **11.2** | **SPESIALITEITSKOMITEEVOORSITTERS EN –VERTEENWOORDIGERS VAN AGRI NW**<br>**<u>SPESIALITEITSKOMITEEVOORSITTERS</u>**<br>Die volgende persone word verkies as Spesialiteitskomiteevoorsitters van Agri NW:<br>▪ Arbeid en Maatskaplike Komitee<br>Mnr Cobus van Zyl<br>▪ Kommunikasie- & Beeldboukomitee<br>Mnr Willem de Chavonnes Vrugt<br>▪ Kommersiële Komitee<br>Mnr Nicol Muller<br>▪ Landbou-Ontwikkelingskomitee<br>Mnr Willem de Chavonnes Vrugt | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| | ▪ Landelike Veiligheidskomitee<br>Mnr Sarel Pretorius<br>▪ Natuurlike Hulpbronnekomitee<br>Voorsitter: Mnr Daan van der Merwe<br>Vise-Voorsitter: Mnr David Kleyn<br>▪ Agri NW-Jongboerkomitee<br>Mnr Gideon van Zyl | | |
| <br><br><br>(a)<br>(b) | **SPESIALITEITSKOMITEEVERTEENWOORDIGERS:**<br>Geen Spesialiteitskomiteeverteenwoordigers is verkies tydens hierdie vergadering nie.<br>**BESLUITE:**<br>Komiteevoorsitters word toestemming verleen om hul eie Vise-Voorsitter aan te wys.<br>Geen Spesialiteitskomiteevoorsitters is verkies tydens die vergadering nie Die Dagbestuur sal 'n besluit neem oor die aanstelling van Spesialiteitkomiteeverteenwoordigers van die ondergenoemde Komitees:<br>▪ Ekonomiese Sake;<br>▪ Elektrisiteit;<br>▪ Inligtingskommunikasietegnologie;<br>▪ Plaaslike Regering; en<br>▪ Vervoerkomitee | <br><br><br>Komiteevoorsitters<br>Dagbestuur | |
| **12.** | **AGRI SA: VERSLAGDOENING EN TERUGRAPPORTERING** | | |
| | ▪ Mnre Dan Kriek, President en Christo van der Rheede, Adjunk Uitvoerende Direkteur van Agri SA word verwelkom en bedank vir die moeite en opoffering wat hul gedoen het om die Algemene Raadsvergadering te kom toespreek oor Grondonteiening.<br>▪ Die Agri SA-aangeleenthede wat van belang is, is onder die onderskeie punte bespreek by die Spesialiteitskomitees. | | |
| **13.**<br>**13.1** | **AGRI NW-SPESIALITEITSKOMITEES**<br>**LANDELIKE VEILIGHEID** | | |
| | ▪ Die vergadering neem kennis van die Veiligheidskomiteeverslag wat ingebind is in die Aan-hangsels.<br>▪ Affiliasies neem kennis van die Landelike Veiligheidsdokumentasie wat beskikbaar is op Agri NW se Web-blad.<br>**BESLUITE:** | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| (a) | Lede hulself bemagtig met die dokumentasie wat beskikbaar is op Agri NW se Webblad onder Spesialiteitskomitee: Veiligheid. | Affiliasies / Lede | Deurlopend |
| (b) | Affiliasies versoek word om te sorg dat die Hoofkantoor oor die korrekte kontakbesonderhede van hul Veiligheidsverteenwoordiger beskik. | Affiliasies/ Hoofkantoor | Deurlopend |
| (c) | Affiliasies versoek word om enige veiligheidsinsident aan mnr Sarel Pretorius en Hoofkantoor deur te gee, sodat daar betyds gereageer en opgetree kan word. | Affiliasies / Lede | Deurlopend |
| (d) | Affiliasies versoek word om me Fritz by Hoofkantoor in kennis te stel indien hul sou belangstel in veiligheidsopleiding. | Affiliasies / Lede Hoofkantoor | |
| **13.2**<br>**13.2.1** | **KOMMERSIëLE KOMITEE**<br>**VERVOERKOMITEE** | | |
| | Mnre Nicol Muller lewer kortliks verslag.<br>▪ Die vergadering neem kennis van die Vervoerkomiteeverslag wat ingebind is in die Aanhangsels.<br>▪ Affiliasies neem kennis van die Vervoerdokumentasie wat beskikbaar is op Agri NW se Web-blad.<br>**<u>BESLUITE:</u>** | | |
| (a) | Affiliasies versoek word om te sorg dat die Hoofkantoor oor die korrekte kontakbesonderhede van hul verteenwoordiger beskik. | Affiliasies/ Hoofkantoor | Deurlopend |
| (b) | Distriksverteenwoordigers sal in die toekoms na die vergaderings met die Departement uitgenooi word. | Distriksverteen-woordigers | Deurlopend |
| (c) | Distriksverteenwoordigers sal die kontrakteurs vergesel vir padinspeksies, alvorens betalings gedoen word; | DPWR / Kontrakteurs | Inspeksies |
| (d) | Padprobleemaanmeldingsvorms moet deur Affiliasies voltooi en aan die Hoofkantoor deurgestuur word, sodat dit gerapporteer kan word. | Affiliasies / Hoofkantoor | Deurlopend |
| **13.2.2** | **ELEKTRISITEIT: TEENSTAND TEEN ESKOM-LYNHEFFINGS**<br>**<u>KENNISNAME:</u>**<br>▪ Dispute word deurlopend, soos wat dit ontvang word, ingedien.<br>**<u>BESLUITE:</u>** | | |
| (a) | Klagtes kan deur middel van die Klantenavraagvorm aan die Hoofkantoor deurgegee word vir verdere optrede / rapportering aan Eskom. | Affiliasies | Deurlopend |
| (b) | Mnre Boeta du Toit of Naude Pienaar kan geskakel by 082 388 1722 / 082 776 8283 vir enige verdere navrae in verband met Dispuutdienste. | | Deurlopend |
| (c) | Die keerdatum vir die inhandiging van dispute is nog nie vasgestel nie. Sodra die datum vasgestel is sal die datum aan die Affiliasies deurgegee word. | Dispuutdienste / Affiliasies / Lede | As datum vasgestel is |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| **13.3** | **GRONDSAKE- EN LANDBOU-ONTWIKKELING** | | |
| | ▪ Affiliasies neem kennis van die Grondsake- en Landbou-Ontwikkelingskomiteedokumentasie wat beskikbaar is op Agri NW se Webblad.<br>▪ Onteiening is tans nog die belangrikste onderwerp wat landwyd onder bespreking is.<br>**<u>BESLUITE:</u>** | | |
| (a) | Affiliasies versoek word om inligting deurlopend deur te gee aan hul lede. | Affiliasies / Lede | Deurlopend |
| (b) | Affiliasies se lede wat nog nie hul bydraes tot die Grond- & Omgewingsfonds van Agri SA oorbetaal het nie word versoek om dit te vorder en oor te betaal, aangesien befondsing uiters nodig is om lede se private eiendomsreg te beskerm. | Affiliasies / Lede | |
| (c) | Alle grondeienaars in Landbouverenigings se gebied genader word om by te dra tot die Fonds. | Affiliasies | |
| (d) | Lede hulself bemagtig met die dokumentasie wat beskikbaar is op Agri NW se Webblad onder Spesialiteitskomitee: Landbou-Ontwikkeling. | Affiliasies / Webblad | Deurlopend |
| **13.4** | **KOMMUNIKASIEKOMITEE STRATEGIE** | | |
| | Mnr Willem de Chavonnes Vrugt meld dat kommunikasietegnologie baie verbeter het:<br><u>KENNISNAME</u><br>▪ Kommunikasie is baie belangrik tussen Agri NW en hul Affiliasies / Lede.<br>▪ Sosiale media is relatief goedkoop om te gebruik byvoorbeeld *Zoom en Facebook en lede / Affiliasies word versoek om daarvan gebruik te maak*.<br>***<u>Twitter:</u>***<br>▪ Mnr Willem De Chavonnes Vrugt meld dat hy navraag gedoen het in verband met die *Twitter*-kommunikasiemedium. Dit moet deurlopend bestuur word en het meer nadele as voordele.<br>**<u>BESLUITE:</u>**<br>**<u>Webblad</u>**: | | |
| (a) | Die Webblad is ten volle aktief en Affiliasies word versoek om noemenswaardige inligting aan Agri NW-Hoofkantoor deur te gee vir plasing op die Web; | Affiliasies | Deurlopend |
| (b) | Produsente word versoek om die Webblad te besoek en om medeprodusente daarvan bewus te maak; | Produsente | Deurlopend |
| (c) | Skakel met Hoofkantoor indien probleme ondervind word om op te webblad aan te teken. Verlangde inligting om aan te teken: Lid se E-posadres en Lidnommer. | Hoofkantoor | Deurlopend |
| (d) | Plasing van inligting op Webblad. Koördineer bywerking en goedkeuring van inhoud met me Wanda Potgieter by telefoonnommer 018*632 3612 / 3624 / 2987 of E-pos na wanda@agrina.co.za.<br>***<u>Broadcast-List</u>*:** | W Potgieter | Deurlopend |
| (e) | ʼn Uitsendingslys laat jou toe om met al jou kontakte gelyk te kommunikeer, maar moet op almal se foon as Agri NW gestoor word op die selfoon van die lid. Ontvangers ontvang sy boodskap dan direk | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| | vanaf Agri NW. Ontvangers weet ook nie wie almal die boodskap ontvang het nie en weet nie dat dit gestuur is as deel van 'n uitsendingslys nie. Wanneer hulle reageer, reageer hulle slegs individueel op jou uitsending. In hierdie sin werk dit soos die *Bcc*-funksie (blinde koolstof-kopie) in 'n E-pos. | | |
| (f) | Affiliasies/Lede word versoek om Agri NW Komms se selfoonnommer 066 208 4880 op hulle selfone te stoor. | Agri NW selnommer 066 208 4880 | Deurlopend |
| (g) | Elke Spesialiteitskomiteevoorsitter sal self besluit oor die stigting van *Whatsapp*-groepe vir deurgee van belangrike inligting per *Whatsapp*. | Spesialiteitvoorsitter | Deurlopend |
| (h) | Dit is van groot belang dat 'n spesifieke persoon in beheer van *Whatsapp*-groepe moet wees om boodskappe te koördineer/redigeer en toe te sien dat die inhoud toepaslik is vir plasing. Streng reëls moet toegepas word ten opsigte van hierdie groepe om te verseker dat dit effektief aangewend word. Hierdie taak gaan aan die Spesialiteitskomiteevoorsitters oorgelaat word, wat self sal besluit of hy dit gaan gebruik of nie. | Spesialiteitvoorsitter | Deurlopend |
| | ***<u>Vodacom:</u>*** | | |
| (i) | Indien klagtes telefonies by Vodacom aangemeld is en 'n verwysingsnommer verkry is, moet dit op die Klagte Aanmeldingsvorm aangeteken word. | Klagte Aanmeldingsvorm | Deurlopend |
| (j) | Rapportering van diefstal of beskadiging van torings of enige ander klagtes moet skriftelik op Agri NW se Klantenavraagvorm – Inligtingskommunikasietegnologie deurgestuur word aan Naude Pienaar by 082 776 8283 / naudepienaar@vodamail.co.za of na Hoofkantoor per E-pos na hessie@agrinw.co.za, wat dit dan sal aanstuur aan mnr Christo de Wet van Vodacom. | Lede / Affiliasies / Hoofkantoor | Deurlopend |
| | ***<u>Zoom:</u>*** | | |
| (k) | ▪ Agri NW gebruik die *Zoom-App* om van hul vergaderings te hou, Ideaal vir 'n vergadering tot en met ses of sewe persone. | | |
| (l) | ▪ Dit is veral kostebesparend vir Agri NW ten opsigte van reiskoste. | | |
| | ***<u>Twitter:</u>*** | | |
| | ▪ Die *Twitter*-kommunikasiemedium word dus nie aanbeveel as Kommunikasiemedium nie. | | |
| (m) | Affiliasies word versoek om inligting aangaande die beskikbare inligtingskommunikasietegnologie aan hul lede deur te gee. | Affilliasies | Deurlopend |
| **13.5** | **NATUURLIKE HULPBRONNE** | | |
| | Mnr Daan van der Merwe lewer kortliks verslag.<br>▪ Die Dispuutdienste se sake vorder goed.<br>▪ Klippan het 'n Watergebruikersvereniging gestig.<br>**<u>BESLUITE:</u>** | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| (a) | Die Dispuutdienste gaan ook gebruik word om 'n dispuut te verklaar teen die Departement van Waterwese en Sanitasie vir die buitensporige hoër tariewe op Staatswaterskemas in die Noordwes Provinsie. | Dispuutdienste | |
| (b) | Kontak mnr Daan van der Merwe vir enige verdere navrae by 083 453 9706 of per E-pos by maswela@gmail.com. | Daan vd Merwe 083 453 9706 | |
| (c) | Affiliasies word versoek om die inligting van hul Spesialiteitsverteenwoordiger deur te gee aan Hoofkantoor. | Affiliasies | Deurlopend |
| (d) | Lede hulself bemagtig met die dokumentasie wat beskikbaar is op Agri NW se Webblad onder Spesialiteitskomitee: Natuurlike Hulpbronne. | Affiliasies / Webblad | |
| **13.6** | **ARBEID- & MAATSKAPLIK** | | |
| | Mnr Cobus van Zyl doen kortliks verslag:<br>**KENNISNAME:**<br>▪ Die implementeringsdatum van die nuwe Minimum Loon is nog nie bekend gemaak nie.<br>▪ Arbeidsinspeksies is by Wolmaransstad gedoen.<br>**BESLUITE:** | | |
| (a) | Hoofkantoor sal die Implementeringsdatum van die nuwe Minimum Loon Affiliasies deurgee, sodra dit ontvang word. | W Potgieter | Sodra ontvang word |
| (b) | Lede versoek word om die regte prosedures te volg en al hul Arbeidswetgewingdokumentasie van hul werkers in plek moet wees sodat dit aan die Wetsvereistes voldoen. | Lede | Deurlopend |
| (c) | Administrasie moet ten alle tye op datum wees. Byvoorbeeld: konsulteer met werkers, nodige bewyse / papierwerk volledig voltooi / foto's neem en op rekord plaas. | Lede | Deurlopend |
| (d) | Lede versoek word aangemoedig om van Arbeidskonsultante soos die LWO te gebruik indien hulle onseker is. | Lede / Arbeidskonsultante | Deurlopend |
| (e) | Kontak Hoofkantoor indien enige probleme ondervind word met Arbeidsaangeleenthede. | Affiliasies / Lede Hoofkantoor | Deurlopend |
| (f) | Lede moet hulself bemagtig met die dokumentasie wat beskikbaar is op Agri NW se Webblad onder Spesialiteitskomitee: Arbeid- & Maatskaplike Komitee. | Affiliasies / Webblad | Deurlopend |
| **13.7** | **JONGBOERE** | | |
| | ▪ Mnr JP van den Berg word geluk gewens met sy verkiesing as Nasionale Jongboer van die Jaar. Agri NW is voorwaar baie trots op hom met hierdie besondere prestasie | | |
| **14.**<br>**14.1** | **BEDRYFSORGANSASIES**<br>**NOORDWES ROOIVLEISPRODUSENTE-ORGANISASIE** | | |
| | Mnr Sakkie van Zyl rapporteer kortliks as volg: | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| | ▪ Nasionale RPO-Kongres is gehou op 11 & 12 September 2018.<br>▪ Die Nasionale RPO het ŉ addisionele aanstelling gemaak as gevolg van kapasiteitsgebrek. Die Provinsiale Struktuur sal dit befonds.<br>▪ Strategie van NWRPO-produsente. Visie: Mededingende en Volhoubare Rooivleisprodusente<br>▪ Statutêre heffings: Direk of indirek terugkom tot voordeel van die produsente.<br>▪ VIS-vergaderings gaan besoek word deur Sarel Pretorius.<br>▪ Lede versoek om Vis-vergaderings / Forums te ondersteun deur deelname om veediefstal te beperk en te bekamp.<br>**<u>BESLUITE:</u>** | | |
| (a) | Affiliasies wat ŉ behoefte het vir terugvoering deur die NWRPO by hul vergaderings moet dit asseblief skriftelik deurgee aan Hoofkantoor. | Affiliasies | |
| (b) | Affiliasies word versoek om 'n NWRPO-verteenwoordiger aan te wys en deur te gee. Daar is plek op Agri NW se Reorganisasielys vir die NWRPO-verteenwoordiger. | Affiliasies | |
| (b) | Uiters noodsaaklik om asseblief alle Veediefstalsake te rapporteer. | Affiliasies / Lede | |
| (c) | Tatoeëring / merk van diere is uiters belangrik. Lede word versoek om te sorg dat hul diere ordentlik gemerk is. Tatoeëring in die oor is baie effektief. | Affiliasies / Lede | |
| **14.2** | **GSA** | | |
| | ▪ Voorleggings oor die gronddebat is gedoen.<br>▪ Nampo Kaap het ŉ Streekskou, soortgelyk as Nampo, gehou van drie dae. 16 000 mense het dit bygewoon. Gaan ook ŉ jaarlikse instelling word.<br>▪ Johan en Dirkie van As is aangewys as GSA se Graanprodusente van die Jaar. | | |
| **14.3** | **MPO** | | |
| | Mnr Johan Strydom rapporteer as volg vir KENNISNAME:<br>▪ Die melkprodusente in die Noordwes Provinsie kry baie swaar as gevolg van die swak melkprys. Daar gaan sleg met die binnelandse melkprodusente.<br>▪ Die afgelope twee maande het die Noordwes Provinsie ± 20 melkprodusente verloor.<br>▪ In die Oos-Kaap gaan dit goed met die melkprodusente.<br>▪ Clover Fabriek op Lichtenburg is tans op ŉ risiko as gevolg van die melkprodusente wat al hoe meer verminder.<br>▪ Stakings veroorsaak groot verliese en addisionele kostes vir vervoer. | | |
| **15.**<br>**15.1** | **AANVULLENDE SAKE**<br>**STATISTIEK SA-OPNAME** | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| | ▪ E-posse in hierdie verband is deur die Hoofkantoor uitgestuur aan die Affiliasies se Voorsitters en Sekretarisse/ Sekretaresses.<br>▪ Die Protokol vir Toegang tot Plase moet gevolg word.<br>▪ Polisie sal moontlik 'n oproep maak. Kontroleer met SAP as jy onseker is.<br>▪ Dring daarop aan dat die Aanstellingsertifikaat getoon word (albei kante).<br>**<u>BESLUITE:</u>** | | |
| (a) | Verdere navrae kan skriftelik gerig word aan die Hoofkantoor. | Affiliasies / Lede | |
| (b) | Lede kan hulself bemagtig met die dokumentasie wat beskikbaar is op Agri NW se Webblad onder Spesialiteitskomitee: Veiligheid. | Agri NW-Web | |
| **15.2** | **AGRI VRYBURG-BOEREDAG** | | |
| | Mnr De Chavonnes Vrugt gee die besonderhede aan die vergadering deur:<br>Datum: 22 November 2018<br>Plek: NG Noord-Gemeente Saal<br>Tyd: 10:00<br>Die ondergenoemde sprekers gaan by die Boeredag optree:<br>▪ Mnr Dan Kriek, Agri SA President.<br>▪ Mnr Johan van den Berg, Weerkundige.<br>▪ Mnr Myan Subrayan, Motiveringspreker. | | |
| **16.** | **DATUM VAN VOLGENDE VERGADERING** | | |
| | Die volgende vergadering is geskeduleer vir:<br>Datum: 19 Maart 2019<br>Plek: AP Kerksaal, Gerrit Maritzstraat, Lichtenburg<br>Tyd: 09:00 | | |
| **17.** | **BEDANKINGS** | | |
| | Die Voorsitter bedank afgevaardigdes vir hul deelname en waardevolle insette tydens die vergadering, asook vir Agri SA se twee persone wat die vergadering kom toespreek het. 'n Veilige terugreis word almal toegewens. | | |
| **18.** | **AFSLUITING EN VERDAGING** | | |
| | Mnr De Chavonnes Vrugt sluit die vergadering af met 'n gebed, waarna dit om 14:40 verdaag. | | |

………………………………………………… ………………………………… …………………………………………………

**VOORSITTER** **DATUM** **SEKRETARIS**